# DIE HEILIGE MISORDE

## DIE INLEIDINGSRITES

V - Priester of Biskop | G - Gemeente

### BEGROETING

V In die naam van die Vader, en van die Seun,
✠ en van die Heilige Gees.

G **Amen.**

### VORM A

V Die genade van onse Here Jesus Christus,
die liefde van God
en die gemeenskap van die Heilige Gees
wees met u almal.

G **En met u gees.**

### VORM B

V Genade vir u en vrede van God onse Vader
en die Here Jesus Christus.

G **En met u gees.**

### VORM C

V Mag die Here met u wees.

G **En met u gees.**

### VORM D | SLEGS VIR 'N BISKOP

V Vrede vir u.

G **En met u gees.**

### DAAD VAN BEROU

*Die selebrant nooi die gemeente uit om hulle sondes te bely:*

V Broeders (broers en susters),
laat ons ons sondes bely,
en so onsself voorberei op die viering
van die heilige geheimenisse.

### VORM A

G **Ek bely voor U, Almagtige God,**
**en voor u, my broers en susters,**
**dat ek uitermatig gesondig het,**
**in my gedagtes en met my woorde,**
**deur wat ek gedoen het**
**en wat ek versuim het om te doen,**

*Almal slaan hulself op die bors:*

**deur my skuld, deur my skuld,**
**deur my grote skuld;**

*Dan gaan almal voort.*

**daarom vra ek die geseënde Maagd Maria,**
**al die Engele en Heiliges,**
**en ook u, my broers en susters,**
**om vir my te bid tot die Here, onse God.**

*Die vryspraak deur die selebrant volg:*

V Mag die almagtige God ons genadig wees,
ons ons sondes vergewe,
en ons na die ewige lewe lei.

G **Amen.**

## VORM B

V Here, ontferm U oor ons.

G **Want ons het teen U gesondig.**

V Here, betoon ons u barmhartigheid.

G **En vergun ons u heil.**

## VORM C

*Die selebrant, of 'n diaken of 'n ander gepaste bedienaar, sê die volgende of andere aanroepinge met die Kyrie eleison (Here, ontferm U oor ons):*

V U is gestuur om dié wat van harte berou het,
te genees:
Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.

G **Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.**

V U het gekom om sondaars tot U te keer:
Christus, ontferm U oor ons. *Of:* Christe, eleison.

G **Christus, ontferm U oor ons. *Of:* Christe, eleison.**

V U sit aan die regterhand van die Vader
en pleit vir ons:
Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.

G **Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison**

## KYRIE ELEISON

*Die Kyrie eleison volg nou, tensy vorm C gebruik is:*

V Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.

**G** **Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.**

V Christus, ontferm U oor ons. *Of:* Christe, eleison.

**G** **Christus, ontferm U oor ons. *Of:* Christe, eleison**

V Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.

**G** **Here, ontferm U oor ons. *Of:* Kyrie, eleison.**

## GLORIA

*Wanneer voorgeskryf word die volgende lofsang gesing óf gesê:*

**Eer aan God in die hoogste hemel,**
**en vrede op aarde aan die mense van goeie wil.**
**Ons loof U,**
**ons prys U,**
**ons aanbid U,**
**ons verheerlik U,**
**ons dank U vir u groot heerlikheid,**
**Here God, hemelse Koning,**
**God, almagtige Vader.**
**Here, Eniggebore Seun, Jesus Christus,**
**Here God, Lam van God, Seun van die Vader,**
**U neem die sondes van die wêreld weg,**
**ontferm U oor ons;**
**U neem die sondes van die wêreld weg,**
**aanvaar ons gebed;**
**U sit aan die regterhand van die Vader,**
**ontferm U oor ons;**
**want U alleen is die Heilige,**
**U alleen is die Here,**
**U alleen is die Allerhoogste,**
**Jesus Christus,**
**met die Heilige Gees,**
**in die glorie van God die Vader.**
**Amen.**

## OPENINGSGEBED

*Die selebrant sê:*

V Laat ons bid.

## LITURGIE VAN DIE WOORD

## SKRIFLESINGS

*Die voorleser beëindig die voorlesing as volg:*

Die woord van die Here.

G **Dank sy God**.

*Die Diaken wat die Evangelie verkondig, buig voor die Selebrant, en vra met gedempte stem om sy seën:*

Vader, seën my.

*Met gedempte stem sê die Selebrant:*

V Mag die Here in u hart en op u lippe wees,
sodat u sy Evangelie waardiglik
en goed sal verkondig,
in die naam van die Vader, en van die Seun,
▯ en van die Heilige Gees.

*Die diaken maak die kruisteken en sê:*

Amen

*Indien daar egter geen diaken aanwesig is nie, buig die selebrant voor die altaar en sê in stilte:*

V Almagtige God, reinig my hart en lippe,
sodat ek u heilige Evangelie,
waardiglik mag verkondig.

## EVANGELIE

*Hy sing of sê sonder om sy hande uit te strek:*

V Mag die Here met u wees.

G **En met u gees.**

V 'n Voorlesing uit die heilige Evangelie volgens ***N***.

G **Alle eer aan U, o Here.**

*Ná die voorlesing van die Evangelie sing of sê hy:*

V Die Evangelie van die Here.

G **Lof aan U, Heer Jesus Christus.**

*Dan kus hy die boek en bid in stilte.*

V Mag ons sondes deur die woorde van die Evangelie uitgewis word.

## HOMILIE

## DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA-KONSTANTINOPEL

**Ek glo in een God,
die almagtige Vader,
Skepper van hemel en aarde,
en van alles sigbaar en onsigbaar.**

**Ek glo in een Here, Jesus Christus,
die Eniggebore Seun van God,
gebore uit die Vader voor alle tye.
God uit God, Lig uit Lig,
waaragtige God uit waaragtige God,
verwek, nie gemaak nie,
een in wese met die Vader,
deur Wie alles gemaak is.**

**Hy het vir ons mense**
**en ter wille van ons saligheid**
**neergedaal uit die hemel.**

*Gedurende die volgende twee reëls buig almal:*

**Hy het vlees geword deur die Heilige Gees**
**uit die Maagd Maria en het mens geword.**
**Hy is ook vir ons gekruisig;**
**Hy het onder Pontius Pilatus gely en is begrawe.**
**Op die derde dag het Hy opgestaan**
**volgens die Skrif.**
**Hy het opgevaar na die hemel**
**en sit aan die regterhand van die Vader.**
**Hy sal weer kom in heerlikheid**
**om die lewendes en die dooies te oordeel:**
**En sy ryk sal sonder einde wees.**

**Ek glo in die Heilige Gees, Here en Lewendmaker,**
**wat uit die Vader en die Seun voortkom,**
**wat saam met die Vader en die Seun**
**aanbid en verheerlik word,**
**wat gespreek het deur die profete.**

**Ek glo in Een, Heilige,**
**Katolieke en Apostoliese Kerk.**
**Ek bely een doop tot vergifnis van sondes.**
**Ek verwag die opstanding van die dooies**
**en die lewe van die toekomstige ewigheid.**
**Amen.**

## DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

**Ek glo in God,**
**die almagtige Vader,**
**die Skepper van hemel en aarde;**
**en in Jesus Christus,**
**sy Eniggebore Seun, onse Here,**

*Gedurende die volgende twee reëls buig almal:*

**wat ontvang is van die Heilige Gees,**
**gebore uit die Maagd Maria;**

**wat gely het onder Pontius Pilatus,**
**gekruisig, gestorwe en begrawe is;**
**wat neergedaal het na die doderyk,**
**die derde dag weer opgestaan het uit die dode,**
**opgevaar het na die hemel**

**en sit aan die regterhand van God,**
**die almagtige Vader;**
**vanwaar Hy sal kom om te oordeel**
**die lewende en die dode.**
**Ek glo in die Heilige Gees,**
**die heilige katolieke Kerk,**
**die gemeenskap van die heiliges,**
**die vergewing van sondes,**
**die wederopstanding van die vlees**
**en die ewige lewe.**
**Amen.**

## ALGEMENE VOORBEDE

## LITURGIE VAN DIE EUCHARISTIE

## VOORBEREIDING VAN DIE ALTAAR EN DIE GAWES

*Indien geen offertoriumlied gesing word nie, word die volgende hardop gebid.*
*Die selebrant neem die pateen met die brood daarop en hef dit effens omhoog.*

V Geseënd is U, Here God van die heelal,
want uit u goedheid het ons
hierdie brood ontvang wat ons aan U offer;
vrug van die aarde
en die werk van mensehande.
Dit word vir ons die brood van die lewe.

G **Geseënd sy God in ewigheid.**

*Die selebrant sê saggies:*

V Deur die geheimenis van hierdie water en mag ons in die godheid van Christus deel, wat Hom verootmoedig het om in ons mensheid te deel.

*Die selebrant neem die kelk met die wyn en hef dit effens omhoog.*

V Geseënd is U, Here God van die heelal,
want uit u goedheid het ons
hierdie wyn ontvang wat ons aan U offer;
vrug van die wynstok
en die werk van mensehande.
Dit word ons geestelike drank.

G **Geseënd sy God in ewigheid.**

*Die selebrant sê saggies:*

V Met nederige gees en berouvolle hart aanvaar ons, o Here, en mag die offer wat ons vandag voor U bring Here God, vir U aanneemlik wees.

*Die selebrant was sy hande en bid:*

V Was my sondes weg, o Here, en reinig my van my skuld

*Die selebrant sê dan:*

V Bid, broers en susters,
dat my en u offer aanvaarbaar mag wees
vir God, die almagtige Vader.

G **Mag die Here dié offer uit u hande aanvaar,**
**tot lof en eer van sy Naam,**
**tot heil van ons, en van sy hele heilige Kerk.**

## DIE PREFASIE-GEBED

*Die selebrant nooi die gemeente as volg uit terwyl hulle antwoord:*

V Mag die Here met u wees.

G **En met u gees.**

V Verhef u harte.

G **Ons verhef hulle tot die Here.**

V Laat ons die Here ons God dank.

G **Dit is paslik en reg.**

*Ná die Prefasie sing of bid almal hardop die Sanctus.*

## SANCTUS

**Heilig, heilig, heilige Here, God van die leërskare.**
**Die hemel en aarde is vol van u glorie.**
**Hosanna in die hoogste.**
**Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.**
**Hosanna in die hoogste.**

*Nou volg die Eucharistiese gebed.*

## DIE GEHEIMENIS VAN DIE GELOOF

*Die selebrant sing of sê en die gemeente antwoord:*

V Die Geheimenis van die Geloof:

### VORM A

G **Ons verkondig u Dood, o Here,**
**ons bely u Opstanding totdat U weer kom.**

### VORM B

G **As ons hierdie Brood eet**
**en uit hierdie Beker drink,**
**verkondig ons u Dood, o Heer,**
**totdat U weer kom.**

### VORM C

G **Redder van die wêreld red ons,**
**want deur u Kruis en Opstanding**
**het U ons vrygemaak.**

## DIE FINALE DOKSOLOGIE

## KOMMUNIE-RITE

### DIE ONSE VADER-GEBED

*Slegs één amptelike uitnodiging word gegee.*

V Aangespoor deur die gebod van die Heer,
en deur sy Goddelike Woord onderrig,
durf ons bid:

*Almal bid:*

**Onse Vader wat in die hemel is, laat u ...**

### DOKSOLOGIE | LOFSANG

V Verlos ons, Here ons bid U,
van alle boosheid,
en deur die krag van u genade vul
ons dae met vrede;
sodat ons, gesteun deur u barmhartigheid,
vry kan wees van sonde
en beveilig teen alle angs,
terwyl ons wag op die salige hoop
en die wederkoms
van ons Heiland, Jesus Christus.

G **Want aan U behoort die koninkryk,
die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid.**

### DIE VREDESRITE

V Here, Jesus Christus,
U het aan u apostels gesê:
Vrede laat ek vir julle na,
my vrede gee ek aan julle;
reken ons ons sondes nie toe nie,
maar kyk na die geloof van u Kerk,
en skenk haar goedgunstiglik
eenheid en vrede volgens u Wil.
Wat leef en heers tot in alle ewigheid.

G **Amen.**

V Mag die vrede van die Here altyd met u wees.

G **En met u gees**.

*Dan indien gepas sing of sê die selebrant of diaken.*

Laat ons mekaar die vrede toewens.

*NB: INDIEN DIE UITNODIGING GERIG IS, GEE ONS DIE PERSONE NAAS ONS 'N GESKIKTE VREDESTEKEN SONDER OM ONS PLEK TE VERLAAT.*

## DIE BROODBREKING

*Die selebrant breek die hostie en plaas 'n deeltjie daarvan in die kelk terwyl hy saggies sê:*

V Mag hierdie vermenging
van die Liggaam en Bloed
van ons Here Jesus Christus,
aan ons wat dit ontvang, die ewige lewe gee.

## AGNUS DEI

*Ondertussen word die volgende gesing of gesê:*

**G Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem: Ontferm U oor ons.**
**G Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem: Ontferm U oor ons.**

*Hierdie aanroeping mag herhaaldelik gesing of gesê word terwyl die broodbreking plaasvind. Dit moet altyd met die volgende aanroeping beëindig word:*

**G Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem: Gee ons vrede.**

## DIE VOORBEREIDING VAN DIE SELEBRANT

V Here Jesus Christus,
met geloof in u liefde en genade
eet ek u Liggaam en drink ek u Bloed.
Laat dit geen oordeel oor my bring nie,
maar heil oor my liggaam en gees.

## KOMMUNIE

V Aanskou die Lam van God.
Aanskou Hom wat die sondes
van die wêreld wegneem.
Salig is hulle wat na die fees
van die Lam genooi is.

G **Here, ek is nie waardig**
**dat U onder my dak inkom nie,**
**maar spreek net 'n woord**
**en my siel sal genees word.**

*Die Selebrant sê in stilte:*

V Mag die Liggaam van Christus
my veilig hou vir die ewige lewe.

*Die Selebrant neem die kelk en sê in stilte:*

V Mag die Bloed van Christus
my veilig hou vir die ewige lewe.

*Tydens die reiniging van die gewyde vate, sê die Selebrant saggies:*

V O Heer, mag ons dit wat ons as voedsel oor ons lippe ingeneem het in reinheid van hart besit,
dat dit wat binne tyd aan ons gegee is,
ons genesing vir die ewigheid sal bring.

*'n Verposing vir stille gebed volg waarna die selebrant sing of sê:*

V Laat ons bid.

**G Amen.**

## DIE SLOT-RITE

V Mag die Here met u wees.

G **En met u gees.**

V Mag die Almagtige God u seën,
die Vader, en die Seun, ✠ en die Heilige Gees.

G **Amen.**

## VORM SLEGS VIR GEBRUIK DEUR DIE BISKOP

Geseënd is die naam van die Here.

**G Nou en vir altyd.**

Ons hulp is in die naam van die Here.

**G Wat hemel en aarde gemaak het.**

Mag die Here met u wees.

**G En met u gees.**

Mag die Almagtige God u seën,
die Vader ✠, en die Seun ✠,
en die Heilige ✠ Gees.

**G Amen.**

*Die diaken of die selebrant sing of sê en die gemeente antwoord:*

### VORM A

Gaan heen; die Mis is beëindig.

G **Ons dank U, o God.**

### VORM B

Gaan en verkondig die Evangelie van die Here.

G **Ons dank U, o God.**

### VORM C

Gaan in vrede en verheerlik die Here met u lewe.

G **Ons dank U, o God.**

### VORM D

V Gaan in vrede.

G **Ons dank U, o God.**